# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

**Kleuter- en Laerskool**
Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x1
**e-posadres**: gsdp@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

**Hoërskool**
Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x2
**e-posadres**: hsadmin@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

Wees sterk en vol moed

15 Julie 2020

Geagte ouers en personeel

## OPVOLGSKRYWE: COVID-19-PROTOKOL

Dit het onder ons aandag gekom dat ouers twyfel oor wanneer 'n kind of personeel die skool mag bywoon rakende simptome van COVID-19. Ons het die protokolle opgedateer met die nuutste inligting tot ons beskikking en ook uitgebrei:

GSDP maak voorsiening vir die volgende vier kategorieë:

1. **Direkte kontak**: Direkte kontak is indien die leerling / personeel met iemand in aanraking was wat positief vir COVID-19 getoets het, moet die leerling / personeel in kwarantyn gaan vir veertien (14) dae. **Die kwarantynperiode van veertien (14) dae begin vanaf die dag wat die leerling / personeel in kontak met so 'n persoon was. 'n Negatiewe uitslag verander dit nie. Geen uitsonderings nie.** Direkte kontak is die volgende:
   - Aangesig- tot aangesigkontak van < 1 m.
   - In dieselfde voertuig of vertrek vir 'n geruime tyd, sonder maskers of veilige afstand.
   - Die deel van 'n kombuis en eetgerei.
   - Drukkies en soentjies of hande vashou.
   - Die positiewe persoon naby jou gehoes het.
   - Dit behels ook kontak met u gesin, vriende, ensovoorts sonder die dra van maskers.

   Dit is nie direkte kontak as almal maskers gedra en veilige afstand gehou het nie.

2. **Indirekte kontak ("casual contact"):** In hierdie geval was die leerling / personeel moontlik in aanraking met 'n persoon wat positief getoets is COVID-19, maar alle maatreëls is geneem en maskers is gedra, byvoorbeeld in 'n winkel of enige ander persoon waarmee die leerling / personeel in kontak was, maar die veiligheidsmaatreëls is gevolg. **Leerling / personeel moet nougeset let op hulle optrede en sanitasiegewoontes by die skool.**

3. **Iemand in die huishouding was in direkte kontak:** In hierdie geval was die leerling / personeel nie self in direkte kontak met iemand wat positief getoets het vir COVID-19 nie, maar iemand in sy / haar huishouding was in direkte kontak. **Die leerling / personeel moet nougeset let op hulle optrede en sanitasiegewoontes by die skool. Sodra die persoon wat in direkte kontak was, COVID-19-simptome ontwikkel of positief toets vir COVID-19, verander dit na direkte kontak (sien punt 1).**

4. **Griepsimptome / siekte:** Dit is tans winter en mense raak siek. Dit is nie noodwendig dat hulle COVID-19 opgedoen het nie. Leerling / personeel met griepsimptome, soos hoes, seerkeel, ensovoorts **wat nie in kontak met 'n COVID-19 geval was nie** mag tot en met **vyf (5) skooldae tuis bly.** U volg hier die gewone prosedures en GSDP verlang 'n doktersbrief vir die leerling / personeel, veral indien die leerling 'n toets mis.

**Kwarantyn**: Dit is die tydperk wat 'n persoon tuis moet bly, indien hy / sy in direkte kontak was met 'n persoon wat positief getoets het vir COVID-19. Die persoon verlaat glad nie die huis nie en ontvang geen besoekers nie. Dit kan tuis plaasvind.

**Isolasie:** Dit is die tydperk wat begin sodra 'n persoon positief getoets het vir COVID-19 of 'n persoon wat reeds in kwarantyn was wat COVID-19-simptome toon. Die isolasieperiode van veertien (14) dae begin op die dag wat hierdie persoon die simptome begin toon. Die persoon gaan dan in isolasie en vermy enige kontak met die gesin Indien dit nie nagekom kan word nie, gaan die hele huishouding ook vir veertien (14) dae in kwarantyn.

**Toets vir COVID-19:** Indien 'n leerling / personeel hom- / haarself vir COVID-19 laat toets, mag die persoon nie by die skool wees, totdat die uitslag ontvang is nie. Die persoon moet hom- / haarself kwarantyn. Indien die uitslag negatief is, moet die persoon die kwarantynperiode klaarmaak. Indien die toets positief is, begin die isolasieperiode van veertien (14) dae.

Ons versoek asseblief u samewerking om nie u kind met enige griepsimptome skool toe te stuur nie. Ons beklemtoon dat alle leerlinge / personeel die nodige veiligheidsmaatreëls moet volg. Die hoofde en GSDP-Bestuur is aanspreekbaar, volgens die nuwe regulasies. Indien 'n leerling moedswillig aan die regulasies ongehoorsaam is en dit nie nakom nie, gaan ons u versoek om u kind by die skool te kom haal.

**Indien 'n leerling afwesig sou wees, stel asseblief die betrokke skoolhoof skriftelik per e-pos in kennis.**

Voltooi asseblief meegaande antwoordbrief en stuur dit teen Vrydag, 17 Julie na u kind se registeronderwyser terug.

Die uwe

| | |
|---|---|
| **Mnr HJJ Visser** | **Mnr JG Pretorius** |
| KLEUTER- EN LAERSKOOLHOOF | HOËRSKOOLHOOF |
| BEDRYFSPAN: VOORSITTER | |

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**ANTWOORDBRIEF**
**COVID-19: Opvolgskrywe - 15 Julie 2020**

Hiermee erken ek / ons ______________________________________________
ontvangs van hierdie skrywe en neem kennis van die inhoud hiervan.

______________________ ______________
NAAM EN VAN DATUM

______________________
HANDTEKENING